
IS MY

# EK IS HY

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**

**Ek is hy**

Eerste digitale uitgawe 2022

Bybelteks: Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2022

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

| | |
|---|---|
| Epub-formaat | ISBN 978-0-7982-2496-3 |
| Mobi-formaat | ISBN 978-0-7982-2497-0 |
| PDF-formaat | ISBN 978-0-7982-2498-7 |

# Inleiding

Gebeur dit ook met jou wanneer jy TV kyk of in ’n fliek sit, dat jy soms wens dat jy een van daardie talentvolle akteurs of sportmanne kan wees? Soms fantaseer jy dat jy die held is in die verhaal wat voor jou op die grootskerm afspeel. Dit is jý wat die boewe doodskiet en die gyselaars red; dit is vir jóú wat die vroue bewonder; dit is jóú handtekening en jóú e-posadres wat hulle kom vra. Jy kyk laataand na ’n geselsprogram op TV waar ’n onderhoud met ’n bekende gevoer word. Dan wens jy die land kon so aan jóú lippe hang en jóú mening oor ’n aktuele onderwerp kom vra. Of jy blaai vroegoggend deur die sakedeel van die koerant en lees ’n rubriek oor ’n suksesvolle jong entrepreneur wat pas in die buiteland ’n groot deurbraak met sy IT-program gemaak het. En onwillekeurig dink jy: Dit moet darem lekker wees; ek wil soos hý wees.

In die bladsye wat volg, word jy uitgenooi om deur die Bybel te blaai en die verhale van ’n paar spesiale manne te ontdek. Regdeur die Bybel speel mans ’n belangrike rol. Sommige het in ’n verhouding met God gestaan, terwyl ander weer hul rug op Hom gedraai het. Soms het hulle ook met God geworstel. Hulle was egter almal unieke mense met verskillende gawes en elk met sy eie besondere lewensomstandighede. Tog het God met elkeen ’n pad gestap. In hierdie gedeeltes van die Woord ontdek jy dalk ook: Dis ék daardie! Ek is hý! En God stap ook ’n pad met mý.

Kom, ontmoet die man in die Bybel.

# Hy Staan in Verhouding met God

**Die heel belangrikste dimensie van ware manwees is om in verhouding met God te staan. Hy is nie bang om te bely dat hy sy Skepper nodig het nie. As man van God het hy Hom baie lief en staan Hy altyd sentraal in sy lewe.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Sy lewe verander radikaal ná 'n ontmoeting met Jesus

Jesus het Jerigo binnegegaan en deur die stad gestap. En kyk, daar was 'n man met die naam Saggeus. Hy was 'n hooftollenaar en 'n ryk man. Hy het probeer om te sien wie Jesus is, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy kort was. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te sien, want Hy sou daar verbygaan. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis oorbly." Saggeus het toe haastig afgeklim en Jesus met blydskap in sy huis ontvang. Almal wat dit gesien het, het gemor en gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis." Maar Saggeus het gaan staan en vir die Here gesê: "Kyk, Here, ek gee die helfte van my besittings aan die armes, en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit viervoudig terug." Jesus het vir hom gesê: "Vandag het daar verlossing vir hierdie huis gekom, want ook hy is 'n seun van Abraham. Die Seun van die Mens het gekom om diegene wat verlore is, te soek en te verlos."

Lukas 19:1-10

## Hy delf in die Woord

Die psalmdigter besing sy liefde vir die Woord van God.

מ MEM
Hoe lief het ek u wet –
  die hele dag dink ek daaroor na.
U gebod maak my wyser
    as my vyande,
want dit is altyd daar vir my.
Ek is verstandiger
    as al my leermeesters,
want u bepalings is vir my
  stof tot nadenke.
Ek het meer insig as oumense,
  want by u opdragte hou ek.
Van elke slegte pad
  het ek my voete weerhou
  sodat ek u woord kon onderhou.
Van u beslissings
  het ek nie afgewyk nie,
want dit is U wat my onderrig.
Hoe strelend is u woord
    vir my verhemelte,
  meer as heuning vir my mond.
Uit u opdragte kry ek insig;
daarom haat ek elke bedrieglike pad.
נ NUN
U woord is 'n lamp vir my voet
  en 'n lig vir my lewenspad.
Ek het 'n eed afgelê

– en daarby gehou –
om u regverdige beslissings
na te kom.
Ek is baie terneergedruk;
HERE, maak my lewend
volgens u woord!
Laat die vrywillige offers
van my mond
tog vir U aanvaarbaar wees, HERE,
en leer my u beslissings.
My lewe is voortdurend in my hande;
maar u wet vergeet ek nie.
Goddeloses het vir my 'n net gespan,
maar van u opdragte
het ek nie afgewyk nie.
Ek het u bepalings as blywende
erfporsie ontvang;
ja, dit is die vreugde van my hart.
Ek rig my hart daarop
om u voorskrifte uit te voer –
vir altyd, tot die einde toe.
ס SAMEK
Dubbelhartige mense haat ek,
maar u wet het ek lief.

Psalm 119:97-113

## Hy bid met oorgawe

**Daniël het gereeld bly bid ten spyte van 'n wet wat uitgevaardig is om aanbidding van enigiemand behalwe die koning te verbied.**

Toe Daniël te wete kom dat die bevelskrif geskryf is, het hy sy huis binnegegaan. Hy het in sy bovertrek oop vensters gehad in die rigting van Jerusalem; en hy het drie keer op 'n dag daar op sy knieë gegaan, gebid en voor sy God lof uitgespreek, soos hy voorheen gedoen het. Daardie manne het toe ingestorm en Daniël biddend en smekend voor sy God gekry.

Daniël 6:11-12

## Hy onderwerp hom aan God se wil vir sy lewe

Die geboorte van Jesus Christus het só gebeur. Toe Maria, sy moeder, reeds aan Josef verloof was, maar nog voordat hulle gemeenskap gehad het, het dit geblyk dat sy swanger geraak het uit die Heilige Gees. Omdat Josef, haar man, wetsgetrou was maar haar nie in die openbaar wou verneder nie, het hy besluit om in die geheim van haar te skei. Terwyl hy daaroor nagedink het, het daar skielik 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees. Sy sal geboorte gee aan 'n seun, en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos."

Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en haar as sy vrou by hom geneem. Hy het nie met haar gemeenskap gehad totdat sy aan 'n seun geboorte gegee het nie. En hy het Hom Jesus genoem.

Matteus 1:18-21,24-25

## Hy wy sy lewe aan die Here

Henog het naby God geleef, en hy was nie meer daar nie, want God het hom weggeneem.

Genesis 5:24

Deur geloof is Henog weggeneem, sodat hy nie die dood gesien het nie, en "hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het". Want voordat hy weggeneem is, is van hom getuig "dat hy God behaag het".

Hebreërs 11:5

## Tog verstaan hy nie altyd God se handelinge nie

**Só 'n man in die Bybel was Gideon:**

Die Engel van die HERE het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die HERE is met jou, dapper kryger!" Maar Gideon sê vir hom: "Asseblief, my Heer, as die HERE dan werklik met ons is, waarom tref al hierdie dinge ons? En waar is al sy wonderwerke waarvan ons voorouers ons vertel het toe hulle gesê het, 'Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie?' Maar nou het die HERE ons verstoot en ons oorgegee in die hand van die Midianiete."

Rigters 6:12-13

## Ten spyte van teëspoed soek hy steeds by God sy krag

Al sou vyebome nie bot nie,
daar geen opbrengs
aan die wingerdstokke wees nie,
die drag van die olyfbome
teleurstel,
die landerye niks te ete lewer nie,
kleinvee uit die kraal verdwyn
en geen beeste in die stalle
oor wees nie;
nogtans sal ek jubel in die HERE,
sal ek juig in die God wat my verlos.
Die HERE, my Heer, is my krag,
Hy maak my voete soos wildsbokke,
op my hoë plekke laat Hy my loop.

Habakuk 3:17-19a

## Soms twyfel hy

**Soms is hy kleingelowig, soos die dissipel Thomas wat gesukkel het om te glo dat Jesus regtig uit die dood opgestaan het.**

Maar Thomas, een van die twaalf, wat bekend gestaan het as Didimus, was nie by hulle toe Jesus gekom het nie. Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!" Maar hy het vir hulle gesê: "As ek nie die merke sien van die spykers in sy hande en my vinger nie steek in die spykermerke, en my hand nie in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie." Agt dae later was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. Terwyl die deure gesluit was, het Jesus gekom en in hulle midde gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!" Daarna sê Hy vir Thomas: "Bring jou vinger hier, en kyk na my hande, en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig." Thomas het vir Hom gesê: "My Here en my God!" Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy omdat jy My gesien het? Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het."

Johannes 20:24-29

## Soms is hy skaam om te sê dat hy Jesus ken

Petrus het buite gesit, in die binnehof. 'n Sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: "Jy was ook saam met Jesus die Galileër." Hy het dit egter voor almal ontken: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." En 'n ander diensmeisie het hom na die poort sien loop, en sê toe vir die mense daar: "Hierdie man was saam met Jesus die Nasarener." Weer het hy dit ontken, met 'n eed: "Ek ken die man nie." Ná 'n rukkie het die omstanders nader gekom en vir Petrus gesê: "Jy is beslis ook een van hulle; trouens, jou uitspraak verklap jou." Daarop begin hy vloek, en sweer: "Ek ken die man nie!" En onmiddellik het 'n haan gekraai. Toe het Petrus die woorde onthou wat Jesus gesê het: "Voordat 'n haan kraai, sal jy My drie maal verloën." En hy het na buite gegaan en bitterlik begin huil.

Matteus 26:69-75

## Soms struikel hy ...

Teen die jaarwending, wanneer die konings op veldtogte uittrek, het Dawid vir Joab uitgestuur, en saam met hom sy amptenare en die hele Israel. Hulle het die Ammoniete vernietigend verslaan en Rabba beleër. Maar Dawid het in Jerusalem agtergebly.

Op 'n keer het Dawid teen laatmiddag van sy bed af opgestaan en op die dak van die koninklike paleis rondgestap. Hy sien toe van die dak af 'n vrou wat besig is om haar te was; die vrou was besonder mooi. Dawid stuur toe iemand om navraag te doen oor die vrou. Die man het gesê: "Is dit nie Batseba, die dogter van Eliam, die vrou van Urija, die Hetiet nie?" Dawid het boodskappers gestuur en haar laat haal. Sy het na hom gekom en hy het met haar gemeenskap gehad. Sy was juis besig om haar te reinig van haar onreinheid. Sy het toe teruggegaan na haar huis. Die vrou het swanger geword en iemand gestuur om Dawid daaroor in te lig. Sy het gesê: "Ek is swanger."

2 Samuel 11:1-5

## Hy kom na die Here toe en ontvang vergifnis

**God gee hom 'n kans op 'n nuwe begin, en hy ervaar weer blydskap.**

Vir die musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid. Toe die profeet Natan na hom gegaan het nadat hy met Batseba omgang gehad het.

Wees my genadig, o God,
  volgens u troue liefde;
wis my oortredings uit
  volgens u groot ontferming.
Was my heeltemal skoon
    van my sondeskuld
en reinig my van my sonde
want ek is deeglik bewus
  van my oortredings
en my sonde is voortdurend voor my.
Teen U, teen U alleen,
    het ek gesondig
en gedoen wat verkeerd is in u oë,
  sodat U gelyk sal hê
  as U uitspraak lewer,
  volkome reg wanneer U oordeel.

Kyk, in sondeskuld is ek gebore,
  sondig toe my moeder
  met my swanger geraak het.

Kyk, getrouheid verwag u reeds
  in die moederskoot,
in die verborgenheid
    leer U my wysheid.
Neem my sonde weg met marjolein
  sodat ek rein kan wees,
was my, dan sal ek witter
    as sneeu wees.
Laat my weer uitroepe
  van vreugde en blydskap hoor;
laat die gebeente
  wat U verbrysel het, juig.
Sluit u oë vir my sonde,
en al my sondeskuld, wis dit uit!
Skep 'n rein hart vir my, o God,
vernuwe 'n bestendige gees
  in my binneste.
Moet my tog nie wegdryf
  uit u teenwoordigheid nie;
en moet u heilige Gees
  nie van my wegneem nie.
Laat my weer die vreugde
  oor u verlossing ervaar,
laat 'n gewillige gees my ondersteun.
Ek wil oortreders u paaie leer,
  dat sondaars na U kan terugkeer.
Red my van bloedskuld, o God,
God wat my verlos, laat my tong
  juig oor u geregtigheid.
My Heer, maak my lippe oop
en my mond sal u lof verkondig.
U vind immers geen vreugde
  in slagoffers nie,
anders sou ek dit gee;
brandoffers aanvaar U nie.
Offers aan God is 'n gebroke gees,
'n gebroke en verpletterde hart
  sal U, o God, nie minag nie.

Psalm 51:1-19

# Hy Staan in Verhouding met Ander Mense

**Hy leef nie in isolasie nie. Hy leef tussen en saam met ander mense. Elke verhouding waarin hy staan, is uniek en stel spesifieke eise aan hom.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Hy is 'n man vir sy vrou

### Hy en sy vrou is gelyke vennote

Die HERE God het ook gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n helper maak, as sy gelyke." Toe vorm die HERE God uit die grond al die diere van die veld en al die voëls van die hemel, en Hy bring hulle na die mens om te sien wat hy hulle sou noem; en wat ook al die mens 'n lewende wese genoem het, dit was sy naam. So het die mens name gegee vir al die mak diere en die voëls van die hemel en al die diere van die veld. Maar vir homself het hy nie 'n helper, as sy gelyke, gevind nie.

Die HERE God het toe die mens in 'n diep slaap laat val, en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vleis toegemaak. Die HERE God het toe die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, omgebou tot 'n vrou, en haar na die mens gebring.

Toe sê die mens:

"Hierdie een is dié keer
been uit my eie gebeente,
vlees uit my eie vlees.
Hierdie een sal vrou genoem word,
want uit die man is sy geneem."

Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en hom aan sy vrou verbind, en hulle sal een vlees word.

Genesis 2:18-24

### Hy is baie lief vir haar

Isak het haar in die tent van Sara, sy moeder, ingeneem. Hy het Rebekka geneem en sy het sy vrou geword, en hy het haar liefgehad. Isak is so getroos ná die dood van sy moeder.

Genesis 24:67

Jakob was so lief vir Ragel dat hy bereid was om sewe jaar lank vir sy skoonpa Laban te werk om met haar te kan trou.

Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel. In sy oë was dit soos 'n paar dae, want hy was lief vir haar.

Genesis 29:20

## Sy is vir hom die mooiste vrou

Soos 'n narsing tussen dorings,
so is my liefling
onder die meisies.

Hooglied 2:2

## Hy bewonder en komplimenteer haar

O, hoe mooi is jy, my liefling,
hoe mooi is jy!
Jou oë is duiwe.

Hooglied 1:15

Hoe mooi is jou voete in jou sandale,
dogter van 'n edele.
Die kurwes van jou heupe
is soos ornamente –
die werk van kunstenaarshande!
Jou naeltjie is 'n ronde kelk –
mag dit vol kruiewyn bly.
Jou maag is 'n hopie koring,
met narsings omsoom.
Jou borste is soos twee
jong bokkies,
die tweeling van 'n ribbokooi.
Jou nek is soos 'n toring van ivoor,
jou oë soos die poele by Gesbon,
by die poort van Bat-Rabbim.
Jou neus is soos die toring
van Libanon wat uitkyk
oor Damaskus.
Jou kop is soos Karmel,
jou los hare soos purperstof –
'n koning raak verstrengel
in die lokke.

Hooglied 7:1-5

## Hy geniet intimiteit met sy vrou

Hoe mooi, hoe lieflik is jy,
liefling, hoe verruklik!
Jou gestalte is soos 'n palmboom,
jou borste soos druiwetrosse.
Ek het gedink:
Ek wil teen die palmboom opklim
en sy dadelpluime pluk.

Hooglied 7:6-8a

## Hy en sy vrou vervul mekaar se seksuele behoeftes

Maar om onsedelikheid te voorkom, laat elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man. Laat die man sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so die vrou teenoor haar man. Die getroude vrou het nie seggenskap oor haar eie liggaam nie, maar haar man wel; net so het die man ook nie seggenskap oor sy eie liggaam nie, maar sy vrou wel. Moet julle nie van mekaar weerhou nie, behalwe as julle ooreenkom om dit vir 'n tyd lank te doen om julle aan gebed te kan wy. En kom dan weer bymekaar, sodat Satan julle nie verlei as gevolg van julle gebrek aan selfbeheersing nie.

1 Korinthiërs 7:2-5

### Hy is getrou aan haar

Christus se selfopofferende liefde en trou aan sy kerk is vir hom 'n voorbeeld wat hy in sy huwelik nastreef.

Mans, julle moet julle vroue liefhê, soos ook Christus die kerk liefgehad het en Homself ter wille van haar oorgegee het.

Net so is die mans verplig om hulle eie vroue soos hulle eie liggame lief te hê. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief. Niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie; inteendeel, hy voed en koester dit, soos Christus sy kerk. Ons is immers lede van sy liggaam. "Om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat, en hom aan sy vrou verbind – en hulle twee sal een vlees wees." Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en die kerk. Maar dit geld ook vir een en almal van julle: Laat elkeen sy eie vrou liefhê soos hy homself liefhet.

Efesiërs 5:25,28-33a

## Hy is 'n pa vir sy kinders

### Hy en sy gesin dien die Here

Hierdie man, Elkana, en sy hele gesin het weer opgegaan om aan die HERE die jaarlikse offer en ook sy gelofte-offer te bring. Hanna het nie saam opgegaan nie, maar het vir haar man gesê: "Nadat die seun gespeen is, sal ek hom bring, sodat hy voor die HERE kan verskyn en vir altyd daar bly."

1 Samuel 1:21-22

### Hy praat elke dag met sy kinders oor die Here

"LUISTER, ISRAEL, DIE HERE IS ONS GOD, DIE HERE ALLEEN. Jy moet die HERE jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek vandag vir jou voorskryf, moet jy op die hart dra. Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan. Bind dit as 'n teken om jou hand en laat dit 'n versiering op jou voorkop wees. Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en op jou stadspoorte."

Deuteronomium 6:4-9

### Hy begeer dat sy kinders aan God getrou sal bly

Job was baie besorg oor sy kinders se verhouding met God.

Sy seuns het die gewoonte gehad om elkeen in sy eie huis, om die beurt, 'n fees aan te bied. Hulle het dan 'n boodskap gestuur en hulle drie susters genooi om saam met hulle te eet en te drink. Wanneer die feesdae verby was, het Job hulle

laat haal en hulle geheilig. Hy het vroeg in die môre vir elkeen van hulle ŉ brandoffer gebring; want Job het gedink: Miskien het my kinders gesondig en God in hulle harte gevloek. Job het dit elke keer gedoen.

Job 1:4-5

**Hy leer sy kinders om op God te vertrou**

Dit is die een wat leef,
die een wat leef –
hý prys U, soos ek vandag.
ŉ Vader kan u trou bekend maak
aan sy kinders.

Jesaja 38:19

**Hy hanteer sy kinders met wysheid**

En vaders: Moenie julle kinders uittart nie, maar voed hulle op deur die dissipline en teregwysing van die Here.

Efesiërs 6:4

**Hy leer sy kinders om gehoorsaam te wees**

My seun, luister na die
vermaning van jou vader,
en moenie die onderrig van jou
moeder verontagsaam nie;
want dit is ŉ bekoorlike krans
vir jou kop,
en halssnoere vir jou nek.

Spreuke 1:8-9

**Hy aanvaar sy kinders vir wie hulle is**

Vaders, julle moenie julle kinders treiter, sodat hulle moedeloos word nie.

Kolossense 3:21

**Al doen sy kinders verkeerd en maak dit diep seer, bly hy lief vir hulle**

Uit wraaksug het Absalom sy halfbroer Amnon vermoor. Koning Dawid, hulle pa, was platgeslaan toe hy dit hoor.

Hulle was nog op pad, toe kom die berig by Dawid uit: "Absalom het al die koning se seuns neergevel! Daar het nie een van hulle oorgebly nie." Die koning het opgestaan, sy klere geskeur en op die grond gaan lê. Al sy dienaars het ook met geskeurde klere daar gestaan. Maar Jonadab, die seun van Dawid se broer Samma, het gesê: "My heer moet nie dink dat hulle al die jong manne, die seuns van die koning, doodgemaak het nie; slegs Amnon is dood; want van die dag af dat hy Tamar, sy suster, verkrag het, is dit al waaroor Absalom gepraat het. Daarom moet my heer die koning die saak nie ter harte neem en dink dat al die koning se seuns dood is nie. Net Amnon alleen is dood."

Absalom het intussen gevlug.

2 Samuel 13:30-34a

Ten spyte van die hartseer wat sy seun Absalom hom aangedoen het, was Dawid steeds lief vir hom.

Joab, seun van Seruja, het besef dat die koning se gedagtes by Absalom was.

2 Samuel 14:1

Die koning het Joab, Abisai en Ittai opdrag gegee: "Werk, ter wille van my, saggies met die jong man, met Absalom." Al die manskappe het gehoor toe die koning aan al die aanvoerders opdragte gee in verband met Absalom.

2 Samuel 18:5

**Soms faal hy in die opvoeding van sy kinders**

Die priester Eli se seuns het hulle posisie as priesters op verskeie maniere vir eie gewin misbruik. Al hulle pa se vermanings het op dowe ore geval.

Eli was al baie oud. Toe hy hoor wat sy seuns alles aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap het met die vroue wat diens doen by die ingang van die Tent van Ontmoeting, sê hy vir hulle: "Waarom doen julle hierdie dinge, dat ek telkens van julle slegte gedrag moet hoor by hierdie hele volk? Nee, my seuns! Want die gerug wat ek hoor besig is om onder die volk van die HERE te versprei, is nie goed nie. As een mens teen 'n ander mens sondig, kan God die saak vir hom beslis. Maar as dit teen die HERE is wat 'n mens sondig, wie sal dan sy saak behartig?" Hulle het egter nie na hulle vader geluister nie.

1 Samuel 2:22-25a

## Hy is 'n skoonpa

Hy stel belang in die lewe van sy skoonseun en gee goeie raad.

Moses het sy skoonvader alles vertel wat die HERE aan die farao en aan die Egiptenare gedoen het ter wille van Israel, en van al die moeilikhede wat hulle op pad ondervind het, en hoe die HERE hulle uitgered het. Jetro was verheug oor al die goeie dinge wat die HERE aan Israel gedoen het, dat Hy hulle uit die hand van die Egiptenare gered het.

Eksodus 18:8-9

"Luister nou na my! Ek sal vir jou raad gee, en mag God met jou wees! Tree jy vir die volk in by God, en bring jy die sake voor God."

Eksodus 18:19

Tog laat hy sy skoonseun toe om sy eie lewe te lei en het ’n goeie verhouding met hom.

Moses het toe gegaan, en teruggekeer na Jetro, sy skoonvader, en vir hom gesê: “Ek wil graag gaan en na my volksgenote wat in Egipte is, terugkeer, sodat ek kan sien of hulle nog leef.” Jetro sê toe vir Moses: “Gaan in vrede!”

Eksodus 4:18

## Hy is ’n skoonseun

Hy respekteer sy skoonpa en het ’n goeie verhouding met hom.

Jetro, die skoonvader van Moses, het met die seuns en Moses se vrou in die woestyn na Moses gegaan waar hy by die berg van God kamp opgeslaan het. Hy het vir Moses laat weet: “Ek, jou skoonpa, Jetro, kom na jou met jou vrou en haar twee seuns saam met haar.”

Moses het uitgegaan om sy skoonvader te ontmoet. Hy het diep gebuig en hom gesoen. Hulle het na mekaar se welstand gevra, en die tent binnegegaan. Moses het sy skoonvader alles vertel wat die HERE aan die farao en aan die Egiptenare gedoen het ter wille van Israel, en van al die moeilikhede wat hulle op pad ondervind het, en hoe die HERE hulle uitgered het. Jetro was verheug oor al die goeie dinge wat die HERE aan Israel gedoen het, dat Hy hulle uit die hand van die Egiptenare gered het. Jetro het gesê: “Die HERE moet geprys word, Hy wat julle gered het uit die hand van die Egiptenare en van die farao, en wat die volk onder die hand van die Egiptenare uit gered het. Nou weet ek dat die HERE groter is as al die gode, dat dit in hierdie saak daaroor gaan dat die Egiptenare brutaal opgetree het teen die Israeliete.”

Eksodus 18:5-11

## Hy is ’n getroue vriend

’n Vriend betoon te alle tye liefde,
en ’n broer is gebore vir tye van nood.

Spreuke 17:17

**Hy bid vir sy vriende**

Nadat die HERE hierdie woorde vir Job gesê het, het die HERE vir Elifas uit Teman gesê: “My toorn het ontbrand teen jou en jou twee vriende; want julle het nie, soos my dienskneg Job, gesê wat reg is oor My nie. Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, gaan na my dienskneg Job, en bring ter wille van julleself ’n brandoffer. My dienskneg Job moet vir julle bid, dat Ek julle nie iets onbehoorliks aandoen nie. Ek sal net teenoor hóm goedgesind wees, want julle het nie, soos my dienskneg Job, gesê wat reg is oor My nie.” Elifas uit Teman, Bildad uit Suag, en Sofar uit Naäma, het toe gegaan en gedoen wat die HERE vir hulle gesê het, en die HERE was Job goedgesind.

Die HERE het Job se lot verander toe hy vir sy vriende gebid het. Die HERE het alles wat Job besit het, vermeerder – dubbeld soveel.

Job 42:7-10

**Hy het 'n positiewe invloed op sy vriende**

Yster slyp yster,
en een mens slyp
die aard van 'n ander.

Spreuke 27:17

## Hy is geskei

Alhoewel verskillende dinge mense van mekaar kan skei, is daar niks wat ons van God se liefde kan skei nie:

Wie sal die uitverkorenes van God aankla? God is die Een wat vryspreek! Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree. Wat sal ons van die liefde van Christus skei?

Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

Romeine 8:33-35a,38-39

# Hy Staan in Verhouding met Homself

**Hy is elke dag bewus van sy fisieke sowel as sy geestelike behoeftes. Hy besef dat God in sy totale menswees belangstel.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Hy besef dat hy as beeld van God geskep is

God het die mens geskep
na sy beeld,
na die beeld van God
het Hy hom geskep,
manlik en vroulik
het Hy hulle geskep.

Genesis 1:27

## Hy streef daarna om God se beeld uit te dra

Ook julle het vroeër daaraan meegedoen, toe julle nog onder hulle geleef het. Maar raak ook julle van al hierdie dinge ontslae: woede, driftigheid, kwaadwilligheid, lastering, en onwelvoeglike taal wat uit julle mond kom. Moenie vir mekaar lieg nie, aangesien julle die ou mens en sy gewoontes uitgetrek het, en die nuwe mens aangetrek het, wat tot volle kennis en na die beeld van sy Skepper vernuwe word.

Kolossense 3:7-10

## Hy pas sy liggaam op

Hy besef dat sy liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is en gebruik dit tot eer van God.

Vlug weg van onsedelikheid. Elke sonde wat 'n mens doen, is buite sy liggaam, maar iemand wat seksueel losbandig optree, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan met julle liggaam.

1 Korinthiërs 6:18-20

## Hy weet dat hy spesiaal is vir God

"Maar nou," so sê die HERE,
jou Skepper, Jakob,
die Een wat jou gevorm het, Israel,
"moenie bang wees nie,
want Ek het jou losgekoop,
Ek het jou op jou naam geroep –
aan My behoort jy.
As jy deur water moet gaan –

Ek is by jou,
of deur riviere –
hulle sal jou nie oorspoel nie.
As jy deur vuur moet gaan –
jy sal nie geskroei word nie,
en die vlam sal jou nie brand nie.
Want Ek is die HERE, jou God,
die Heilige van Israel,
jou verlosser."

Jesaja 43:1-3a

## Hy weet die Here het 'n spesiale doel met hom

**God het die profeet Jeremia verseker van die unieke doel van sy lewe:**

Die woord van die HERE het tot my gekom:

"Nog voordat Ek jou gevorm het
in die baarmoeder,
het Ek jou geken;
nog voordat jy uitgegaan het
uit die moederskoot,
het Ek jou geheilig.
As profeet vir die nasies
het Ek jou bestem."

Daarop het ek gesê: "Ag, my Heer, die HERE, kyk, ek weet nie hoe om te praat nie, want ek is nog 'n kind." Maar die HERE het vir my gesê: "Moenie sê, 'Ek is nog 'n kind' nie, want na wie ook al Ek jou stuur, moet jy gaan, en wat ook al Ek jou beveel, moet jy sê. Jy moet nie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou om jou te red," is die uitspraak van die HERE.

Jeremia 1:4-8

## Hy is seker van sy doel

**Sy doel is om God met sy hele lewe te verheerlik.**

Weet julle nie dat die atlete wat in 'n stadion aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle dit ontvang. Almal wat deelneem, pas in alle opsigte dissipline toe – hulle nogal om 'n verganklike oorwinningskrans te ontvang, maar ons 'n onverganklike. Ek hardloop daarom so, dat dit nie doelloos is nie; ek boks so, dat ek nie in die lug slaan nie. Maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit diensbaar, sodat ek nie, terwyl ek vir ander gepreek het, dalk self gediskwalifiseer word nie.

1 Korinthiërs 9:24-27

# Hy Het Gevoelens

**Al is hy 'n man, het hy ook emosies. Emosies is onlosmaaklik deel van sy manwees. Hy beleef die vreugde van die lewe intens. Hy ervaar egter soms ook negatiewe emosies soos hartseer, neerslagtigheid of minderwaardigheid.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## God se Woord ontroer hom

Nehemia – hy was die administrateur – en Esra, die priester en skrifgeleerde, en die Leviete wat besig was om vir die volk te verduidelik, het toe vir die hele volk gesê: "Hierdie dag is heilig vir die HERE julle God. Moenie treur of huil nie!" Ja, die hele volk het gehuil toe hulle die woorde van die Wet hoor.

Nehemia 8:10

## Sy hart loop oor van lof

Ná die wonderlike gebeurtenisse rondom die geboorte van Johannes die Doper, het sy pa Sagaria God geloof en gesê:

"Lofwaardig is die Here,
die God van Israel,
want Hy het omgesien na sy volk
en hulle bevryding bewerkstellig.
'n Kragtige verlossing het Hy
vir ons bewerk
uit die nageslag van Dawid,
sy dienskneg,
soos Hy reeds lank gelede
by monde van sy heilige profete
beloof het –
verlossing van ons vyande
en uit die hand van almal
wat ons haat.
Dit het Hy gedoen om ontferming
aan ons voorvaders te bewys
en sy heilige verbond
in gedagte te hou,
die eed wat Hy teenoor ons vader
Abraham gesweer het,
sodat ons, gered uit die hand
van ons vyande,
Hom sonder vrees sou dien,
en al ons dae voor Hom
in heiligheid en geregtigheid
kan leef."

Lukas 1:68-75

## Hy voel bitter teleurgesteld in homself

Petrus het tydens Jesus se verhoor uit vrees voorgegee dat hy Jesus nie ken nie. Toe hy met sy verraad gekonfronteer word, was hy bitter teleurgesteld in homself.

Toe het Petrus die woorde onthou wat Jesus gesê het: "Voordat 'n haan kraai, sal jy My drie maal verloën." En hy het na buite gegaan en bitterlik begin huil.

Matteus 26:75

## Soms voel hy minderwaardig

By tye voel dit asof hy vir niks deug nie en niks in die lewe verdien nie. Mefiboset, wat kreupel was as gevolg van 'n ongeluk toe hy klein was, het so gevoel.

Toe Mefiboset, seun van Jonatan, seun van Saul, by Dawid aankom, het hy neergeval met sy gesig teen die grond en diep neergebuig. Dawid sê toe: "Mefiboset?" Waarop hy antwoord: "Hier is ek, u dienaar!" Dawid het vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, want ek sal beslis aan jou guns bewys ter wille van Jonatan, jou vader. Ek sal aan jou al die grond van Saul, jou voorvader, teruggee. Jy self sal gereeld aan my tafel brood eet." Hy het diep gebuig en gesê: "Wat is u dienaar, dat u aan die dooie hond wat ek is, aandag gee?"

2 Samuel 9:6-8

Tog besef hy hy hoef nie minderwaardig te voel nie.

Dit is immers U wat my niere
geskep het,
my in die moederskoot
geweef het.
Ek prys U omdat ek
op 'n ontsagwekkende,
wonderbaarlike wyse gemaak is.
Wonderbaarlik is u werke
en ek besef dit maar te goed.
My skelet was nie vir U verborge
toe ek in die geheim gemaak is nie,
toe ek kunstig geweef is
in die dieptes van die aarde.
U oë het my vormloosheid gesien.
En in u boekrol is hulle almal
opgeteken –
dae wat beplan is,
toe nie een daar was nie.
En vir my, hoe kosbaar
is u gedagtes, o God –
hoe oorweldigend
is die volle getal daarvan!

Psalm 139:13-17

## Hy voel weerloos

Soms gebeur daar dinge waaraan hy niks kan verander nie, soos die dood van 'n geliefde. So is koning Dawid oorweldig deur droefheid toe hy die nuus van sy opstandige seun Absalom se dood ontvang.

Daarop vra die koning vir die Kussiet: "Hoe gaan dit met die jong man, met Absalom?" Die Kussiet het gesê: "Mag dit met die vyande van my heer die koning en met almal wat ten kwade teen u in opstand is, gaan soos met die jong man." Die koning het begin bewe, en opgegaan na 'n bovertrek in die poort en gehuil. Terwyl hy loop, het hy hierdie woorde gesê: "My seun Absalom; my seun, my seun Absalom! As ek maar in jou plek kon sterf! Absalom, my seun, my seun!"

Aan Joab is berig gebring: "Kyk, die koning huil en rou oor Absalom." Die oorwinning het daardie dag vir al die manskappe 'n dag van rou geword, omdat die manskappe daardie dag gehoor het die koning is gebroke oor sy seun. Die manskappe het dié dag die stad binnegesluip soos manskappe binnesluip wat verneder is omdat hulle in die geveg moes vlug.

Die koning het sy gesig toegedraai en met 'n harde stem uitgeroep: "My seun Absalom! Absalom, my seun, my seun!"

2 Samuel 18:32 – 19:4

## Hy ervaar die pyn van swaarkry

In dié tyd het Hiskia dodelik siek geword. Die profeet Jesaja, seun van Amos, het by hom aangekom en vir hom gesê: "So sê die HERE, 'Gee die laaste opdragte oor jou huisgesin, want jy gaan sterf; jy sal nie leef nie.' " Hiskia het sy gesig na die muur gedraai en tot die HERE gebid. Hy het gesê: "Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek in getrouheid en met 'n onverdeelde hart voor U geleef het, dat ek gedoen het wat goed is in u oë!" Hiskia het toe bitterlik gehuil.

Die woord van die HERE het tot Jesaja gekom: "Gaan sê vir Hiskia, 'So sê die HERE, die God van jou voorvader Dawid: "Ek het jou gebed gehoor; Ek het jou trane gesien. Kyk, Ek sal vyftien jaar by jou lewensdae voeg, en Ek sal jou en hierdie stad red uit die greep van die koning van Assirië. Ek sal hierdie stad afskerm." ' "

Jesaja 38:1-6

## Hy voel bitter oor wat met hom gebeur

Toe Dawid en sy manne by die dorp aankom – daar is die dorp afgebrand en die vroue en seuns en dogters weggevoer! Dawid en die manskappe by hom het hard begin skreeu en gehuil totdat daar nie meer krag in hulle oor was om te huil nie. Die twee vroue van Dawid, Aginoam van Jisreël en Abigajil, die weduwee van Nabal van Karmel, is ook weggevoer. Dawid was erg in die noute, want die manskappe het gedreig om hom te stenig. Al die manskappe was immers bitter ontsteld, elkeen oor sy seuns en dogters. Maar Dawid het krag gevind by die HERE sy God.

1 Samuel 30:3-6

# Hy Werk

**Hy is 'n man met baie verantwoordelikhede. Hy het verpligtinge by die werk én by die huis: Hy spandeer baie tyd en energie daaraan om sy loopbaan te bou en dan doen hy ook sy deel in en om die huis.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Hy besef dat God hom die opdrag gee om te werk

Die Here God het 'n tuin aangeplant in Eden, in die ooste en die mens wat Hy gevorm het, daar geplaas. Die Here God het uit die grond allerhande bome laat uitspruit – 'n genoeë om na te kyk en goed om van te eet. Die boom van die lewe was in die middel van die tuin, en ook die boom van die kennis van goed en kwaad.

Die Here God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas.

Genesis 2:8-9,15

God dra dit ook aan hom op om na die skepping te kyk.

God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit. Heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg."

Genesis 1:28

## Hy erken dat werk 'n voorreg is

Daar is niks beter vir die mens
as dat hy eet en drink en sy keel
laat geniet wat goed is
vir sy inspanning nie.
Ook dit het ek ingesien:
Dit is uit die hand van God,
want: "Wie kan eet
en wie kan geniet sonder My?"

Prediker 2:24-25

## Hy weet dat God van hom verwag om hard te werk

Maar ons beveel julle in die Naam van ons Here Jesus Christus, broers, dat julle elke broer moet vermy wat hom onordelik gedra, en nie optree volgens die oorlewering wat hulle van ons ontvang het nie. Julle weet tog self hoe nodig dit is dat julle ons voorbeeld volg. Ons het ons immers nie onordelik onder julle gedra nie; ons het niemand se brood sonder betaling geëet nie, maar met swoeg en sweet, bedags en snags gewerk, sodat ons vir niemand van julle 'n las sou wees nie – nie dat ons nie die reg daartoe gehad het nie, maar sodat ons onsself vir julle as voorbeeld kon stel om na te volg. Want juis toe ons by julle was, het ons julle steeds

beveel dat iemand wat nie wil werk nie, ook nie behoort te eet nie. Want ons het gehoor dat sommige van julle onordelik optree, en nie wil werk nie, maar oral inmeng. Ons raai sulke mense aan, ja, deur die Here Jesus Christus spoor ons hulle aan, om hulle dagtaak kalm te verrig, en so hulle eie brood te verdien.

2 Thessalonisense 3:6-12

## Sy program is uiters druk en hy moet leer om te delegeer

Die volgende dag het Moses gaan sit om as regter op te tree vir die mense. Die mense het van die oggend af tot die aand toe om Moses gestaan. Toe Moses se skoonvader sien wat hy alles vir die mense doen, het hy gevra: "Wat is dit wat jy vir die mense doen? Waarom sit jy alleen, terwyl al die mense van die oggend tot die aand toe om jou bly staan?" Moses het sy skoonvader geantwoord: "Omdat die mense na my toe kom om God te raadpleeg. Wanneer hulle 'n geskil het, kom dit voor my; dan beslis ek tussen die persoon en sy naaste, en maak God se vaste voorskrifte en wette bekend."

Moses se skoonvader sê toe vir hom: "Dit is nie goed dat jy die saak so hanteer nie. Jy gaan jouself heeltemal uitput – jy sowel as hierdie mense wat by jou is. Want dit is te veeleisend vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie. Luister nou na my! Ek sal vir jou raad gee, en mag God met jou wees! Tree jy vir die volk in by God, en bring jy die sake voor God. Waarsku hulle oor die vaste voorskrifte en wette, en lig hulle in oor die pad wat hulle moet volg en die werk wat hulle moet doen. Maar wees jy op die uitkyk na bekwame manne onder die hele volk, betroubare manne wat ontsag het vir God, wat 'n weersin het in oneerlike wins. Stel hulle oor die volk aan as aanvoerders oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. Hulle moet te alle tye die volk se regsake behartig. Elke groot saak moet hulle na jou bring, maar oor elke klein saak moet hulle self beslis. Maak dit ligter vir jouself, en laat hulle saam met jou die las dra. As jy dít doen, en as God jou so beveel, sal jy staande kan bly, en al hierdie mense sal ook tevrede na hulle blyplekke kan gaan."

Moses het na sy skoonvader geluister en alles gedoen wat hy gesê het. Moses het onder die hele Israel bekwame manne uitgesoek, en hulle as hoofde oor die volk aangestel, as aanvoerders oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. Hulle het te alle tye die volk se regsake behartig. Die moeilike sake het hulle na Moses gebring, maar oor al die maklike sake het hulle self beslis.

Eksodus 18:13-26

## Soms is daar spanning by die werk

'n Paar dae later het Paulus aan Barnabas gesê: "Kom ons gaan terug en besoek die broers in elke dorp waar ons die woord van die Here verkondig het, en gaan kyk hoe dit met hulle gaan." Barnabas wou ook Johannes, bekend as Markus, saamneem, maar Paulus het nie gedink dat dit reg is om die man saam te neem wat hulle by Pamfilië

in die steek gelaat en hulle nie vir die werk vergesel het nie. Daar het toe so 'n skerp meningsverskil tussen hulle ontstaan dat hulle uitmekaar gegaan het. Barnabas het vir Markus saamgeneem en na Ciprus gevaar. Paulus het vir Silas gekies en het vertrek, nadat hulle deur die broers aan die genade van die Here opgedra is.

Handelinge 15:36-40

## Hy gee aan God al die eer vir sy sukses

Nadat God die Israeliete droogvoets deur die Rietsee gelei en die Egiptiese weermag in die see vernietig het, het hulle Hom geprys.

Toe het Moses en die Israeliete hierdie lied vir die HERE gesing. Hulle het gesê:

"Ek wil sing vir die HERE,
want Hy is hoog verhewe.
Die perd en sy ruiter
het Hy in die see geslinger.
My krag en sterkte is die HERE,
en Hy was my redding.
Hy is my God,
en Hom sal ek vereer,
die God van my vader,
en Hom sal ek verheerlik.

"Die HERE is 'n krygsman,
HERE is sy Naam."

Eksodus 15:1-3

## Hy bly getrou aan God se beginsels

Hy laat nie toe dat sukses na sy kop toe gaan nie. Wanneer versoeking aan sy deur kom klop, twyfel hy nie oor wat hom te doen staan nie – hy staan onwrikbaar by wat God van hom verwag.

Toe sy eienaar merk dat die HERE met Josef is, en dat die HERE alles wat hy doen, laat slaag deur sy hand, het Josef guns gevind in sy oë en sy persoonlike bediende geword. Hy het hom aangestel oor sy huishouding, en alles wat aan hom behoort, het hy onder Josef se beheer geplaas. Vandat hy hom in sy huishouding en oor alles wat hy besit, aangestel het, het die HERE die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef. Die seën van die HERE het gerus op alles wat hy besit, in die huis en in die veld. Hy het alles wat aan hom behoort, in Josef se hande gelaat. Met hom daar, het hy hom met niks bemoei nie, behalwe met die kos wat hy eet.

Josef het 'n mooi voorkoms gehad en was besonder aantreklik. Ná verloop van tyd het die vrou van sy eienaar Josef reguit aangekyk en gesê: "Kom lê by my!" Maar hy het geweier en vir die vrou van sy eienaar gesê: "Kyk, met my hier bemoei my heer hom met niks in die huis nie. Alles wat hy besit, het hy in my hande gelaat. Hy is in hierdie huis nie belangriker as ek nie. Hy het van my niks weerhou nie, behalwe u, omdat u sy vrou is. Hoe kan ek dan hierdie verskriklike kwaad doen en teen God sondig?" Alhoewel sy dag ná dag met Josef gepraat het, het hy nie aan haar gehoor gegee om langs haar te gaan lê en by haar te wees nie.

Genesis 39:3-10

# Hy Maak 'n Verskil

**Hy is 'n man wat 'n bydrae in die samelewing wil lewer. Hy is nie bang om te waag nie. Hy laat sy stem hoor, en sodoende maak hy die wêreld 'n beter plek. Hy het God se roeping vir sy lewe ontdek en leef dit van harte uit.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Hy het die moed om iets tot voordeel van sy gemeenskap te doen

In die maand Nisan, in die twintigste regeringsjaar van koning Artasasta, het die wyn gereedgestaan voor hom. Ek het die wyn geneem en vir die koning aangebied. Ek was gewoonlik nie treurig voor hom nie. Die koning vra toe vir my: "Waarom is jou gesig so somber? Jy is tog nie siek nie. Dit kan niks anders as 'n treurige hart wees nie."

Ek het baie bang geword en vir die koning gesê: "Mag die koning vir ewig lewe! Waarom sou my gesig nie somber wees wanneer die stad, die plek van my voorouers se grafte, vervalle lê en sy poorte deur vuur verteer is nie?" Toe vra die koning vir my: "Wat is dit wat jy wil hê?" Ek het tot die God van die hemel gebid en vir die koning gesê: "As die koning dit goedvind, en as u dienaar by u aanvaarding vind, moet u my na Juda stuur, na die stad van my voorouers se grafte, sodat ek dit kan herbou." Die koning, met die koningin wat langs hom sit, het vir my gevra: "Hoe lank sal jou reis duur, en wanneer kom jy terug?"

Die koning het dit goedgevind en my laat gaan.

Nehemia 2:1-6a

## Hy staan op vir dit wat reg is

Hy het ruggraat en is nie bang om standpunt in te neem nie, selfs teenoor sy meerderes. Al moet hy die opinies van ander teëgaan, bly hy steeds hoflik. Daniël, 'n banneling aan die hof van die Babiloniese koning, het by God se voorskrifte bly staan, selfs teen die koning se bevel in.

Die koning het Aspenas, die rabsaries, toe aangesê om uit die Israeliete, uit die koninklike familie en die vernames, jong seuns te bring
aan wie daar nie enige
liggaamsgebrek is nie,
wat 'n goeie voorkoms het,
wat insig in alle soorte
wysheid het,
wat oor kennis en goeie
oordeelsvermoë beskik,
en wat in staat is om in die
paleis van die koning
te dien,
en in die skrif en taal
van die Galdeërs onderrig
te word.

Vir hulle het die koning, volgens die vereistes van elke dag, van die koning se kos en van die wyn wat hy gedrink het, voorgeskryf, sodat hulle vir drie jaar lank opgevoed kon word om aan die einde daarvan in diens van die koning te kan staan.

Onder hulle was daar van die Judeërs – Daniël, Gananja, Misael en Asarja. Maar die toesighouer oor die paleisamptenare, het hulle name vervang: Daniël het hy Beltsasar, Gananja het hy Sadrag, Misael het hy Mesag, en Asarja het hy Abednego genoem.

Daniël was egter vas van voorneme dat hy homself nie sou besoedel met die koning se kos en die wyn wat die koning gedrink het nie. Hy het toe die toesighouer oor die paleisamptenare vergunning gevra dat hy homself nie hoef te besoedel nie.

Daniël 1:3-8

## Hy styg bo onreg uit

Hy is vergewensgesind. Stefanus, die eerste Christenmartelaar, is deur die Jode gestenig omdat hy onbevrees die evangelie bly verkondig het. Met sy laaste woorde het hy nog by God gepleit om vergifnis vir sy moordenaars.

Toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hulle harte en het hulle op hulle tande begin kners oor hom. Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het stip na die hemel gekyk en die heerlikheid van God gesien, en Jesus wat aan die regterhand van God staan. En hy het gesê: "Kyk, ek sien die hemele geopen en die Seun van die Mens aan die regterhand van God staan." Maar hulle het luidkeels geskreeu, hulle ore toegedruk en soos een man op hom afgestorm. Nadat hulle hom uit die stad uitgesleep het, wou hulle hom stenig. Die getuies het hulle boklere neergesit by die voete van 'n jong man bekend as Saulus. En hulle het Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: "Here Jesus, ontvang my gees!" Hy het op sy knieë geval en met 'n harde stem uitgeroep: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" En met dié woorde het hy ontslaap.

Handelinge 7:54-60

Hy neem ook nie wraak nie. Koning Saul wou die jong Dawid sonder rede doodmaak. Op 'n dag het Dawid 'n gulde geleentheid gehad om van Saul ontslae te raak. Saul het alleen in 'n grot ingegaan. Vanuit sy wegkruipplek agter in die donker grot kon Dawid die niksvermoedende Saul maklik om die lewe bring. In plaas daarvan om hom op sy vyand te wreek, het hy egter ongemerk die punt van Saul se mantel afgesny om sodoende sy eie onskuld te bewys. Later het hy vir Saul hiermee gekonfronteer:

"Waarom luister u na die woorde van mense wanneer hulle sê, 'Kyk, Dawid is daarop uit om u kwaad aan te doen'? Kyk, u het vandag met u eie oë gesien dat die HERE u vandag in die grot in my hand oorgegee het. Iemand het gesê ek moet u om die lewe bring, maar ek het u jammer gekry. Ek het gesê, 'Ek sal nie my hand

na my heer uitsteek nie, want hy is die gesalfde van die HERE.' En, my vader, kyk, ja, kyk hier, die soom van u mantel is in my hand. Want toe ek die soom van u mantel afgesny het, het ek u nie om die lewe gebring nie. Besef dan en sien in dat ek nie kwaad en opstand in die oog het nie. Ek het nie teen u gesondig nie, maar u maak jag op my om my lewe te neem. Die HERE sal oordeel tussen u en my, en die HERE sal my op u wreek, maar my hand sal nie teen u wees nie. Soos die ou spreekwoord sê,

" 'Uit goddeloses
kom goddeloosheid voort.'

"My hand sal nie teen u wees nie.

"Agter wie aan het die koning van Israel uitgetrek? Wie is u besig om te agtervolg? U is agter 'n dooie hond aan, agter een vlooi aan! Mag die HERE regter wees; mag Hy oordeel tussen u en my; mag Hy kennis neem en my saak verdedig; mag Hy my reg handhaaf deur my uit u hand te red."

1 Samuel 24:10b-16

# Hy is 'n Geestelike Leier

**Hy is bereid om geestelik leiding te neem wanneer dit van hom verwag word. Hy is nie noodwendig 'n predikant nie, maar hy hoor as God hom roep om te getuig, om diegene wat in geestelike nood verkeer, te help, en om mense na Hom terug te lei. Hy luister na God en hy doen sy deel in die gemeente.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Hy is bereid om na vore te tree wanneer die Here hom roep

Die aarde was deur en deur sleg
voor God;
die aarde was vol geweld.
God het gekyk na die aarde,
en kyk, dit was deur en deur sleg;
want alle mense
het 'n verderflike pad geloop
op die aarde.

God het vir Noag gesê: "Die einde van alle mense het, volgens my besluit, aangebreek; want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Kyk, Ek gaan hulle verdelg saam met die aarde. Maak vir jou 'n ark van goferhout. Jy moet die ark maak met verskillende ruimtes en dit van binne en van buite met pik bestryk."

Noag het dit toe gedoen. Net soos wat God hom beveel het, so het hy gemaak.

Genesis 6:11-14,22

## Hy moedig jonger mense aan om hulle geloof te behou

Paulus, 'n apostel van Christus Jesus, in opdrag van God, ons Verlosser, en van Christus Jesus, ons hoop,

aan Timoteus, my ware kind in die geloof:

Genade, barmhartigheid en vrede van God, die Vader, en Christus Jesus, ons Here.

Hierdie opdrag vertrou ek aan jou toe, my kind Timoteus, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry, met geloof en 'n goeie gewete – iets wat sommige mense versaak het, waardeur hulle geloof skipbreuk gely het. Onder hulle is Himeneus en Aleksander, wat ek aan Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

1 Timoteus 1:1-2,18-20

## Hy neem standpunt in oor geestelike sake

Die apostel Paulus het hom sterk uitgespreek teen die geveinsdheid van sommige gelowiges wat van die waarheid van die evangelie begin afdwaal het.

Toe Sefas in Antiogië aangekom het, het ek hom egter openlik teengegaan, omdat hy veroordeeld gestaan het; want voordat sekere mense van Jakobus opgedaag het, het Sefas gewoonlik saam met die heidene

geëet, maar toe hulle opdaag, het hy hom teruggetrek en afgesonder, omdat hy bang was vir diegene uit die besnydenis. En die ander Jode het ook saam met hom skynheilig opgetree, met die gevolg dat selfs Barnabas deur hulle skynheiligheid meegevoer is. Maar toe ek sien dat hulle nie die reguit pad loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek voor almal vir Sefas gesê: "As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden leef en nie soos 'n Jood nie, hoe kan jy nie-Jode dwing om soos Jode te leef?"

Galasiërs 2:11-14

## Hy rus ander toe met die waarheid van die Evangelie

'n Jood met die naam Apollos, 'n boorling van Aleksandrië, het in Efese aangekom. Hy was 'n welsprekende man, goed onderlê in die Skrifte. Hy het oor die Weg van die Here onderrig ontvang, en geesdriftig gepraat en deeglike onderrig gegee oor die dinge wat op Jesus betrekking het, alhoewel hy net die doop van Johannes geken het. Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die Weg van God nog duideliker uiteengesit.

Handelinge 18:24-26

## Hy en sy gesin stel 'n goeie voorbeeld van toewyding aan God

"Daarom dan, julle moet ontsag hê vir die HERE; dien Hom met opregtheid en getrouheid. Verwyder die gode wat julle voorvaders anderkant die Rivier en in Egipte gedien het, en dien die HERE. Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies julle dan vandag wie julle wil dien, óf die gode anderkant die Rivier wat julle voorouers gedien het, óf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Maar ek en my huis, ons sal die HERE dien."

Josua 24:14-15

## Hy volg die Here enduit

**Naby die einde van sy lewe kon die apostel Paulus skryf:**

Want ek word reeds as drankoffer uitgegiet, en die tyd van my dood is naby. Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, ek het die geloof behou. Nou wag die oorwinningskrans van geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee – en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat sy koms liefhet.

2 Timoteus 4:6-8

## Hy laat 'n geestelike erfenis na

Jy het my egter nougeset nagevolg in leer, lewenswandel, voorneme, geloof, geduld, liefde en volharding, in vervolging en lyding, soos wat ek in Antiogië, Ikonium en Listra ervaar het. Watter vervolgings ek ook al verduur het – die Here het my van alles gered! Almal wat godvresend in Christus Jesus wil leef, sal inderdaad vervolg word. Slegte mense en bedrieërs sal van kwaad tot erger gaan, deurdat hulle ander mislei, en mislei word. Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het, en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.

2 Timoteus 3:10-15

# Hy Kry Soms Swaar

**Hy beleef dat alles in die lewe nie altyd glad verloop nie. Hy kry seer as daar slegte dinge oor sy pad kom, soms as gevolg van sy eie verkeerde keuses. Maar daar is ook dinge waaroor hy geen beheer het nie en wat seermaak. Soms sukkel hy om homself los te maak van sy verlede, maar ander kere kry hy dit tog reg om met God oor sy swaarkry te praat en sy pyn te konfronteer. Dan besef hy dat hy, ten spyte van sy verlede, nuut kan begin.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Al dien hy God, gebeur daar soms slegte dinge met hom

Toe, op ’n dag, terwyl sy seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer, kom daar ’n boodskapper by Job aan en sê: “Die beeste was aan die ploeg, en die donkiemerries het langsaan gewei; toe loods die Sabeërs ’n aanval en vat hulle. Hulle het die werkers met die skerpte van die swaard neergevel. Net ek alleen het vrygekom om dit aan u te kom vertel.”

Terwyl dié een nog besig is om te praat, kom ’n ander een daar aan en sê: “Die vuur van God het uit die hemel geval en die kleinvee en werkers verbrand en verteer. Net ek alleen het vrygekom om dit aan u te kom vertel.”

Terwyl dié een nog besig is om te praat, kom ’n ander een daar aan en sê: “Galdeërs het drie eenhede opgestel, ’n plundertog uitgevoer op die kameeltroppe en hulle gevat. Hulle het die werkers met die skerpte van die swaard neergevel. Net ek alleen het vrygekom om dit aan u te kom vertel.”

Terwyl dié een nog besig is om te praat, kom ’n ander een daar aan en sê: “U seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis, toe daar onverwags ’n sterk wind van die woestyn se kant af kom en die vier hoeke van die huis tref. Dit het op die jongmense ingestort en hulle het gesterf. Net ek alleen het vrygekom om dit aan u te kom vertel.”

Job het toe opgestaan, sy mantel geskeur, sy kop kaal geskeer, op die grond neergeval en in aanbidding gebuig. Hy het gesê:

“Naak het ek uit my moeder
se skoot gekom,
en naak sal ek na die skoot
van die aarde terugkeer.
Die HERE het gegee
en die HERE het geneem.
Mag die Naam van die HERE
geprys word!”

Ondanks dit alles het Job nie gesondig nie en aan God niks ongerymds toegeskryf nie.

Job 1:13-22

## Hy ly aan ’n ongeneeslike siekte

In dié tyd het Hiskia dodelik siek geword. Jesaja, seun van Amos, die profeet, het by hom aangekom en vir hom gesê: “So sê die HERE, ‘Gee die laaste opdragte oor jou huisgesin, want jy gaan sterf, jy sal nie leef nie.’ ”

2 Konings 20:1

Hy neem egter sy pyn na die Here toe.

Hiskia het sy gesig na die muur gedraai, en tot die HERE gebid en gesê: "Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor U geleef het in getrouheid en met 'n onverdeelde hart, dat ek gedoen het wat goed is in u oë." Hiskia het toe bitterlik gehuil.

2 Konings 20:2-3

## Hy kry swaar omdat sy kind die verkeerde keuses maak

Isak en Rebekka was baie ongelukkig oor die twee vroue waarmee hulle seun Esau getrou het.

Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Jehudit, die dogter van Beëri, die Hetiet, as vrou geneem, en ook Basemat, die dogter van Elon, die Hetiet. Vir Isak en Rebekka was hulle 'n bron van bitter verdriet.

Genesis 26:34-35

## Sy verlede spook by hom

Moses het uit die paleis gegaan en gesien hoe swaar sy mense onder die Egiptenare kry. Op 'n dag het hy op 'n Egiptenaar afgekom wat een van sy mense slaan. In 'n onbesonne oomblik het Moses die Egiptenaar doodgeslaan en skelm begrawe.

Toe hy die volgende dag uitgaan, is daar sowaar twee Hebreeuse mans aan die baklei. Hy vra toe die skuldige: "Waarom slaan jy jou medemens?" Die man het geantwoord: "Wie het jou as aanvoerder en regter oor ons aangestel? Dink jy om my ook dood te maak soos jy die Egiptenaar doodgemaak het?" Moses het bang geword en gedink, sowaar, die saak het bekend geword!

Toe die farao van hierdie saak hoor, wou hy Moses laat doodmaak. Maar Moses het van die farao af weggevlug om in die land Midian te gaan woon.

Eksodus 2:13-15a

## Daar is swakhede in sy lewe

Hierdie swakhede veroorsaak pyn, maar hy beveg dit met die genade van God.

Daarom, om te keer dat ek opgeblase word, en sodat ek nie hoogmoedig mag word nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van Satan, om my met die vuis te slaan. Hieroor het ek die Here drie maal gesmeek dat dit van my moet wyk. Maar Hy het vir my gesê: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring." Daarom sal ek my baie liewer op my swakhede beroem, sodat Christus se krag my kan beskut. Ter wille van Christus verheug ek my in swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudhede; want wanneer ek swak is, juis dan is ek sterk.

2 Korinthiërs 12:7b-10

## Soms voel hy eensaam en uitgelewer

My God, my God,
  waarom het U my verlaat?
Waarom is U ver daarvan
  om my te verlos,
  ver van die woorde
  wat ek uitskreeu?
My God, ek roep bedags,
maar U antwoord nie,
  ook snags,
maar daar is geen rus vir my nie.

U is tog die Heilige,
U heers waar die lofliedere
  van Israel opklink.

Moenie ver van my bly nie,
  want die nood is naby;
daar is immers niemand
    wat help nie!

Baie bulle het my omsingel;
die sterkes van Basan
    het my vasgekeer.
Hulle het hulle monde
  teen my oopgesper
  soos 'n leeu wat verskeur
    en brul.

Soos water is ek uitgestort,
my hele gebeente val uitmekaar;
my hart het geword soos was,
dit het in my liggaam gesmelt.
My krag het uitgedroog
  soos 'n potskerf,
en my tong kleef
  aan my verhemelte;
in die stof van die dood
    laat U my lê.

Psalm 22:2-4,12-16

## Tog glo hy vas dat God hom weer sal help

Ek kyk op na die berge:
Waar sal my hulp vandaan kom?
My hulp is van die HERE,
  wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jou voet
  struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.
Kyk, die Beskermer van Israel
  sluimer nie in nie en Hy slaap nie.
Die HERE is jou Beskermer;
die HERE is jou skaduwee
  aan jou regterhand.
Bedags sal die son jou nie skaad nie,
  en snags ook nie die maan nie.
Die HERE sal jou beskerm
  teen elke onheil;
Hy sal jou lewe beskerm.
Die HERE sal jou uitgaan
  en jou terugkeer beskerm
  van nou af en vir altyd.

Psalm 121:1-8

## Hy weet hy kan nuut begin ten spyte van sy verlede

Ten spyte van die feit dat hy die Kerk van Jesus Christus hewig vervolg het, het die Here Paulus tot 'n nuwe lewe geroep. Hy kon met vrymoedigheid hiervan getuig teenoor koning Agrippa:

"Terwyl ek op 'n keer, in opdrag van die leierpriesters, en met hulle volmag, juis hiervoor na Damaskus op reis was, o koning, het ek langs die pad helder oordag 'n lig uit die hemel gesien, helderder as die son, wat om my en my reisgenote skyn. Toe ons almal op die grond neerval, hoor ek 'n stem wat vir my in die Hebreeuse taal sê, 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is vir jou swaar om teen die prikkels te skop.' 'Wie is U, Here?' vra ek toe. En die Here het gesê,

'Ek is Jesus vir wie jy vervolg. Maar kom op jou voete, staan regop, want hiervoor het Ek aan jou verskyn: om jou aan te stel as dienskneg en getuie van dit wat jy van My gesien het en van dit waaroor Ek nog aan jou sal verskyn. Ek sal jou red uit jou volk en van die heidene na wie Ek jou stuur, om hulle oë oop te maak, sodat hulle hulle van die duisternis na die lig kan draai, en van die mag van Satan na God, en ook dat hulle, deur geloof in My, vergewing van sonde en 'n erfdeel saam met die geheiligdes kan ontvang.'

"Om hierdie rede, koning Agrippa, was ek nie aan die hemelse visioen ongehoorsaam nie."

Handelinge 26:12-19

## Hy weet dat God ook in swaarkry by hom is

**Selfs toe Josef vals beskuldig en in die tronk gegooi is, het hy ervaar dat God by hom is.**

Toe sy eienaar die woorde van sy vrou hoor, dit wat sy vir hom gesê het, "Dít is die dinge wat jou slaaf aan my gedoen het," het hy kwaad geword. Josef se eienaar het hom gevat en hom in die gevangenis gegooi, die plek waar die koning se gevangenes aangehou is.

Hy was daar in die gevangenis, maar die HERE was met Josef en het in sy troue liefde na hom uitgereik. Hy het aan hom guns geskenk in die oë van die hoof van die gevangenis. Die hoof van die gevangenis het al die gevangenes wat in die gevangenis was, onder Josef se beheer geplaas. Alles wat daar gedoen moes word, het hy gedoen. Die hoof van die gevangenis het nie omgesien na enigiets wat onder Josef se beheer was nie, want die HERE was met hom; en wat hy gedoen het, het die HERE laat slaag.

Genesis 39:19-23

## Al kry hy swaar, weet hy dat God 'n groter plan vir sy lewe het

**Ten spyte van die onreg wat Josef se broers hom aangedoen het, kon hy later terugkyk en God se hand in sy lewe raaksien.**

Toe sê Josef vir sy broers: "Ek is Josef. Leef my pa nog?" Sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle het verbysterd voor hom gestaan. Josef sê toe vir sy broers: "Kom tog nader na my!" Hulle het nadergegaan, en toe sê hy: "Ek is Josef, julle broer; julle het my verkoop om na Egipte geneem te word. Maar moet julle nou nie ontstel en julleself verwyt omdat julle my verkoop het en ek hier beland het nie; want dit is vir die behoud van lewens dat God my voor julle uit gestuur het. Ja, daar was nou al twee jaar lank hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle nakomelinge te vestig op aarde, en om julle in die lewe te hou met die oog op 'n groot uitredding. Dus, dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my as 'n vader vir die farao aangestel, as 'n heer vir sy hele huishouding en 'n regeerder oor die hele Egipteland."

Genesis 45:3-8

# Hy loof God ten spyte van sy swaarkry

**Paulus en Silas moes ly omdat hulle die evangelie van Jesus Christus verkondig het.**

Die skare het toe ook teen hulle gedraai, en die stadsbestuurders het hulle klere laat afskeur en beveel dat hulle met stokke geslaan moet word. Nadat hulle met baie houe geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en is die tronkbewaarder opdrag gegee om hulle baie goed te bewaak. In die uitvoering van hierdie opdrag het hy hulle in die binneste deel van die tronk gegooi en hulle voete in die blok vasgeklem.

Om middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing, en die gevangenes het na hulle geluister.

Handelinge 16:22-25

# Hy Leef in Hoop

**Te midde van die onsekerheid en stryd van die lewe hou hy vas aan die hoop wat God hom bied. Hy kan verby sy omstandighede kyk en positief bly omdat hy weet dat hy in lewe en dood aan Christus behoort en daarom 'n toekoms het.**

**En jy ontdek: Ek is hy!**

## Hy weet dat hy met God die toekoms kan instap

Al is die toekoms onbekend en soms selfs intimiderend, ken hy die God wat die toekoms in sy hand hou. Waar sy lewenspad ook al heen lei, hy weet dat God daar sal wees.

Toe roep Moses vir Josua nader en sê vir hom ten aanhore van die hele Israel: "Wees dapper en sterk, want dit is jy wat saam met hierdie volk na die land moet gaan wat die HERE aan hulle voorvaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee. Jy sal hulle dit laat erf. Die HERE is die Een wat voor jou uitgaan; Hy is by jou, Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie. Moenie bang wees nie en moet jou nie laat afskrik nie."

Deuteronomium 31:7-8

Deur geloof was Abraham gehoorsaam toe hy geroep is om uit te trek na 'n plek wat hy as erfenis sou ontvang, en hy het weggetrek, sonder om te weet waarheen hy gaan. Deur geloof het hy as bywoner in die land van die belofte gaan bly, soos in 'n vreemde land, en het hy in tente gewoon saam met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die argitek en boumeester is.

Hebreërs 11:8-10

## Hy sien God op die mees onverwagse plekke in sy lewe raak

Onseker van wat die toekoms inhou, was Jakob op pad na sy ma se familie in 'n vreemde land. Een nag het God aan hom verskyn waar hy langs die pad gelê en slaap het.

En kyk, die HERE staan bo-aan die trappe en sê: "Ek is die HERE, die God van jou voorvader Abraham, en die God van Isak. Die grond waarop jy lê – aan jou en jou nageslag gee Ek dit. Jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde. Jy sal uitbrei na die weste, die ooste, die noorde en die suide. Deur jou en jou nageslag sal al die grootfamilies van die aarde geseënd wees. Kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou beskerm oral waar jy gaan. Ek sal jou laat terugkeer na hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou beloof het."

Jakob het uit sy slaap wakker geword en gesê: “Waarlik, die HERE is op hierdie plek en ek, ek het dit nie besef nie!” Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreesaanjaend is hierdie plek nie! Dit is niks anders as die huis van God nie. Dit is die poort na die hemel!”

Genesis 28:13-17

## Hy weet daar wag vir hom ’n lewe ná die dood

Alhoewel die apostel Paulus ’n sinvolle bediening op aarde gehad het, was sy groot verlange om die onvolmaaktheid van hierdie wêreld agter te laat en vir ewig met Christus in heerlikheid verenig te word:

Dit is immers my innige verwagting en hoop dat ek nie in enige opsig beskaam sal word nie, maar dat Christus met alle vrymoedigheid ook nou, soos altyd, deur my liggaam verheerlik sal word, of dit nou deur my lewe of deur my dood is. Want vir my is om te leef Christus, en om te sterf wins; maar as my liggaam bly leef, beteken dit dat ek nog verder vrugbaar sal kan werk. Ek weet werklik nie wat om te kies nie. Ek is in ’n tweestryd gewikkel: Aan die een kant verlang ek om heen te gaan en saam met Christus te wees. Dit is immers verreweg die beste. Aan die ander kant is dit ter wille van julle noodsaakliker dat ek liggaamlik hier bly.

Filippense 1:20-24

## Hy sien uit na Jesus se wederkoms

Paulus het ook die gelowiges aangemoedig om in afwagting van Jesus se wederkoms te leef.

Oor die tye en geleenthede, broers, is dit nie nodig dat ons aan julle skryf nie, want julle weet self baie goed dat die dag van die Here soos ’n dief in die nag kom. Wanneer hulle sê, “Daar is vrede en veiligheid,” kom daar skielik vernietiging oor hulle, soos geboortepyne ’n swanger vrou oorval, en hulle sal beslis nie ontkom nie. Maar julle, broers, is nie in die duisternis nie, sodat dié dag julle nie soos ’n dief sal oorval nie. Julle is immers almal kinders van die lig en kinders van die dag. Ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar waaksaam en nugter wees! Want hulle wat slaap, slaap snags, en diegene wat hulle dronk drink, doen dit snags. Laat ons wat van die dag is, egter nugter wees, noudat ons die borsplaat van geloof en liefde, en die helm van hoop op verlossing, aangetrek het. Want God het ons nie tot veroordeling bestem nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlossing te verkry, Hy wat ter wille van ons gesterf het, sodat ons, of ons wakker is of slaap, saam met Hom kan leef. Daarom, bemoedig mekaar, en laat die een die ander in die geloof opbou, soos julle inderdaad doen.

1 Thessalonisense 5:1-11

# Slot

**Die Skrifgedeeltes in hierdie boekie lig verskillende dimensies van manwees uit wat steeds geldig is vir die man van vandag. Ons gebed is dat dit jou sal help om die werklikheid waarmee jy as moderne man te kampe het, beter te verstaan. Die Bybel ontken nie dat die werklikheid soms negatief is en dat die man in die Bybel dikwels voete van klei het nie. Jy kan egter daarvan seker wees dat jy in die Skrif hoop kan vind vir elke situasie waarin jy jou bevind. Jy kan koers kry as jy verdwaal het. Jy kan opgetel en vertroos word as jy geval en seergekry het. Die Skrif daag jou uit om van nuuts af weer te begin om jou taak en opdrag as 'n gelowige man ten volle uit te leef. Mag die Skrifgedeeltes in hierdie boekie ook met jou in jou situasie praat.**